

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 78e Uitgawe 15 Januarie 2016

saam met Koersvas 78

Volharding

In Koersvas is daar 'n nuwejaarswens uitgespreek. Die kern van die wens is dat lidmate saam met God op reis mag wees deur die lewe. Hierdie reis kan verskillend verstaan word. Dit kan beteken dat ons al luisterende gehoorsaam wag op God se leiding. Dit is ook moontlik om te dink dat God se leiding en teenwoordigheid vanselfsprekend is en dat ons kan gaan waar ons wil, doen wat ons wil, en God sal daar wees om die brokstukke van mislukking op te tel terwyl ons self krediet neem vir suksesse.

Aan die begin van elke jaar begin soveel mense die reis saam met God. Die kerke is vol en die kategese klasse (ossileer) vibreer van jong nuuskierge energie. Ons kan ongelukkig nie bevestig dat die prentjie dieselfde lyk teen die tweede kwartaal nie. Moegheid, werksdruk en vele ander faktore laat die kerke leër later in die jaar. Teen die agtergrond van die jaarlik ritmiesstanende deelname aan geloofslewe is daar een vraag wat gestel moet word. Verstaan ons die Evangelie reg? Anders gestel, is ons Christen **gelowiges** of deel van 'n "christen kultuur" waar religie 'n voortreflike bykomstigheid is?

Die Skietlood wil beweer dat ons een deel van Paulus se boodskap verstaan, maar die ander deel óf nie verstaan nie óf vermy. Twee verwysings na deelname en die oorwinnarskroon sal ter

illustrasie dien. Die teks in II Timoteus word met reg aangehaal om aan te dui dat almal wat glo, gered sal word. Ons vind dieselfde boodskap ook in gedeeltes soos Romeinie 10:9-10.

*2 Timoteus 4:8 Verder is vir my weggetel die **kroon van die geregtigheid** wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.* λοιπὸν ἀποκείται μοι ο τῆς δικαιοσύνης στεφανός ον ἀποδωσεὶ μοι ο κυριος εν εκεινῃ τη ημερᾳ ο δικαιος κριτης ου μονον δε εμοι αλλα και πασιν τοις ηγαπηκοσιν την επιφανειαν αυτου.

Die teks in I Korintiërs 9 verwys na 'n verganklike en 'n onverganklike kroon.

1Kor 9:24 Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. Οὐκ οἴδατε ὅτι οἱ ἐν σταδίῳ τρέχοντες πάντες μὲν τρέχουσιν, εἰς δὲ λαμβάνει τὸ βραβεῖον; οὕτω τρέχετε, ἵνα καταλάβητε ... ἔκεινοι μὲν οὖν ἵνα φθαρτὸν στέφανον λάβωσιν, ἡμεῖς δὲ ἄφθαρτον (by implikasie ἄφθαρτον στέφανον).

Στεφανος – Kroon: Die woord, kroon, het 'n wye toepassingsveld. 'n Kroon het sy basiese ontstaan in 'n gebuigde takkie of twee takkies wat aan mekaar gevleg is. Die takkies kon meer gewees het en dit was selfs moontlik om blomme in die kroon (wat ons dalk vandag 'n krans sou noem) in te vleg. Ons weet vandag van die lourierkrans van die



Romeine en die Spele atlete. Tog was die kroon in wye gebruik in die antieke wêreld. Dit was in kultiese gebruik gekoppel aan seën en vrugbaarheid. By die orakel (toekomsvoorspelling/openbaring van gode se gedagtes) het die kroon waarheid gewaarborg. Die kroon was gebruik as teken van beskerming en redding, dit was aanduiding van waardigheid in die politieke sfeer, dit was as eerbetoon beloning vir die wenner by die Spele. Die Spartane het hulself gekroon voor hulle gaan veg het, vermoedelik as vorm van beskerming deur die gode. Krone is ook by groot maaltye en by troues gebruik om vreugde en respek te simboliseer.

Die kroon was nie 'n integrale deel van die Ou Testament gemeenskappe nie. Dit maak Israel uniek in 'n tyd toe die mistiese en magiese betekenis van krone oral anders voorgehou is.

In die nuwe Testament is daar twee soorte krone. Die een is die doringkroon wat Jesus moes dra as teken van spot en hoon. Die ander verwysing na kroon is na die eskatologiese geskenk van God aan gelowiges.

Die martelaarskroon van Jesus (moontlik gevleg van akanthus, 'n stekelrige onkruid) was gevleg as 'n vorm van haat en hoon soos bevestig kan word uit die ander fop-regalia wat hulle vir Hom aangetrek het. Dit is 'n ope vraag of die kroon bedoel was om seer te maak.

Die konsep van die eskatologiese kroon vir gelowiges is deur Paulus op figuurlike wyse ingespan. In Openbaring is dit die

kroon van oorwinning en lewe, maar ook van goddelike eer.

Paulus gebruik die term op ten minste twee maniere figuurlik. Aan die een kant vergelyk hy die kroon met die verganklike kroon van die atlete, en aan die ander kant sien hy die gemeentes waar hy gewerk het as kroon wat hy sal dra wanneer hy voor die Regter verskyn. Dit beteken nie dat hy net onderskeid tref tussen verganklike en onverganklike krone nie. Die eskatologiese kroon bly dieselfde, dit is die voorland van elkeen wat glo. Die optrede van gelowiges moet verder onder die loep geneem word, en dit is wat in die besonder in I Korintiërs 9 ter sprake is.

Geloof kan op 'n sekere vlak vergelyk word met 'n wedloop. Daar is twee soorte deelnemers wat deesdae by 'n pretloop opdaag. Die een groep neem met erns deel en die ander groep neem die "pret" van pretloop baie ernstig op.

Die groep wat met erns deelneem, oefen gereeld, volg 'n spesifieke leefstyl, het 'n bepaalde dieet. Hulle daag vroeg op met die regte klere en skoene, ken reeds die roete en mik na 'n oorwinning, al is dit net oor hulself by wyse van verbeterde tye.

Die ander groep is spookasem deelnemers wat ter elfder ure besluit om deel te neem, wat met min of geen oefening inskryf, hulle weet nie eens hoe die roete lyk nie. Hulle leefstyl en dieet word nie deur die pretloop bepaal nie. Hulle sien die pretloop nie as wedloop nie, maar as vermaak en onderbreking van roetine.

Paulus se metafoor van 'n wedloop as die manier waarop geloof uitgeleef word maak staat op die kontinuïteit tussen verskillende maniere waarop mense die lewe en ook wedlope aanpak. Daar is mense wat geloof as 'n lukraak pretloop aanpak. Dit is die verkeerde benadering. Geloof is 'n wedloop wat streng toewyding behels.

Die vergelyking tussen geloof en 'n wedloop het ook 'n punt van diskontinuïteit. Anders as in 'n wedloop waar daar net een wenner, en daarom net een ontvanger van die kroon is, ontvang elkeen wat in die wedloop van geloof volhard, die kroon van die ewige lewe.

βραβεῖον – Prys: In die Nuwe Testament is dit net Paulus wat die woord "prys (Grieks βραβεῖον)" gebruik. Hy gebruik dit in hierdie gedeelte, asook in Filippense 3:14. In beide gevalle is dit duidelik dat daar sprake is van inspanning. Die teks in Filippense word nie verder gekwalifiseer met die term, onverganklike kroon, (στέφανον ἄφθαρτον) nie. Die betekenis van die woord is in die betekenisvelde van "arbitrasie" en "prys in die spele". Uit die teks is dit duidelik dat ons dit moet verstaan as 'n prys wat gewen word. Die konteks maak dit ook duidelik dat alles ingespan moet word om die prys te wen.

Ons lees verder in 1Korintiërs 9:26 *Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.* ἐγὼ τοίνυν οὕτω τρέχω, ὡς οὐκ ἀδήλως, οὕτω πικτεύω, ὡς οὐκ ἀέρα δέρων.

Die inspanning van die atleet en die houe van die bokser is doelgerig.

Teen hierdie agtergrond kan ons nou sekere gevolgtrekkings maak. Geloof se kroon is die waarborg wat elke gelowige ontvang. God se erns met die sonde het beteken dat Sy Seun aan die vloekhout moes hang sodat ons hierdie kroon, gevleg uit takkies van die boom van die lewe, mag ontvang. Ons kan niks doen om saligheid te ontvang nie.

Tog word ons geroep om met erns ons geloof uit te lewe. Ons word aangemoedig tot 'n doelgerigte lewe. Deelname aan geloof kan nie net 'n pretloop wees wat lukraak benader word en waarvoor entoesiasme later verlore raak nie.

Geloof raak ons hele menswees en roep ons om alles te gee.

Terug na die vraag gestel aan die begin: Verstaan ons beide kante van hierdie kroon? Alle predikante en lidmate van die GHG en steedsHervormers kan getuig van 'n verdieping in hulle theologiese denke ten tye van die stroomversnelling in valse teologie in.

Die vraag is of die nuwe situasie steeds gekenmerk word deur toewyding en erns, of deur gearriveerde rustigheid. Lidmate moet hulself afvra of hulle deelneem aan die wedloop van die geloof.

Neem baie van ons nie maar deel aan die pretloop van religie wat vas en los benader kan word nie?